# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*



8 Maart 2026

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens
## #3rde Sondag in Lydenstyd

### Kom reis saam hierdie Lydenstyd @ Hoogland

Mag jy sommer tuis voel in die Hoogland Geloofsfamilie – Hoogland is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en vir elke besoeker. Die leraar(s) sien ook daarna uit om jou te ontmoet; kom maak asseblief kennis ná afloop van die erediens by die Gemeentedienste-dame in die Voorportaal (die tafel by die Hoofingang).

Besoek ook Hoogland se webblad www.pehoogland.co.za of kontak Annalize in die kerkkantoor sodat ons kan kennis maak.
Neem asseblief 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies.

## Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Nagmaal: Ds Pieter Nel
10:00 GVG Groepe in hulle onderskeie lokale
16:30 B'fonteindiens - Nagmaal: Ds Pieter

*Deurkollekte: Bybelverspreiding*

## Algemeen

### Program vir die week:

Dinsdag: 9 Maart
11:00 Gebedsaksie & Bybelstudie

Woensdag: 10 Maart
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:30 WOW

Donderdag: 12 Maart
18:00 Doopkursus

Vrydag: 13 Maart
05:15 Mannebediening

Saterdag: 14 Maart
10:00 Dorings & Daisies




## WIELE-VAN-HOOP vir BUFFELSFONTEIN

Hoogland is opsoek na **rolstoele en *walkers* (veral met wiele)** vir bejaardes in Buffelsfontein wat sukkel om rond te beweeg. Dalk staan daar iewers **'n *walker* of rolstoel wat nie meer gebruik word nie** in jou huis. Vir iemand anders kan dit **nuwe vryheid en waardigheid** beteken. **Kontak asseblief die Kerkkantoor.**

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

### Dankoffers:

Jou dankoffer help om geloof te leef, liefde te wys en hoop te bring.




# Wyn op Woensdae ...

... het al op verskeie maniere iets tot elkeen daar se lewenskwaliteit gevoeg.

*Mindfullness* is iets waaroor almal dink en waarvoor mense sensitief is. Enige een is steeds so welkom om te kom saam gesels en ook jou geleefde wysheid te kom deel.

*ONTHOU:*

- Jy MOET bespreek deur jou naam & hoeveel mense te *WhatsApp* na

  079 815 9325
- Kostes:R50 pp/geleentheid

## Ondersteun PE - Noord Gemeente

Het jy geweet **NG Gemeente PE Noord** se grootste bron van inkomste is 'n **klein gemeente-winkeltjie** waar hulle **tweedehandse klere en huisware** verkoop?
Sou jy ooit wonder wat om met **"ou" klere of huisgoed** te doen – hier is 'n eenvoudige manier om regtig 'n verskil te maak. Skenk dit gerus vir **PE Noord**. Dit help hulle om hul gemeente se bediening en instandhouding aan die gang te hou.
Die gemeente is ook op soek na **leë plastiek koeldrank- of waterbottels met skroefproppe** (330 ml, 500 ml, 1.5 L en 2 L). Hierdie bottels word gebruik om **heerlike tuisgemaakte gemmerbier** te bottel wat hulle verkoop om fondse te genereer vir die **restourasie en instandhouding van hul kerkgebou**.

Hoe kan Hoogland help?

- Skenk **tweedehandse klere (en huisware na die basaar)**
- Bring **plastiekbottels met skroefproppe**

Hou gerus **Hoogland se WhatsApp en sosiale media** dop – binnekort kan jy dalk ook **'n yskoue bottel tuisgemaakte gemmerbier koop... vir 'n baie goeie doel!**

# Uit die hart - VERDIEP : Verhouding

“Love is the only force capable of transforming an enemy into a friend.

— Martin Luther King Jr.—

Verhoudings groei nie vanself nie. ’n Mens kan lank langs iemand leef, in dieselfde huis, gemeente of geloof en tog ontdek dat die verhouding oppervlakkig gebly het, eenvoudig omdat niemand doelbewus daarin belê het nie.

Ons sien dit oral: verhoudings verdiep waar mense tyd maak, luister en werklik by mekaar betrokke raak.

Dieselfde geld vir ons verhouding met God. Geloof kan maklik ’n gewoonte word: ’n erediens hier, ’n gebed daar, ’n Bybelvers wat ons ken. Dit is nie verkeerd nie, maar die gevaar is dat die verhouding self nie verdiep nie. Tog nooi God ons na meer as net godsdienstige gewoontes. Hy nooi ons na verhouding.

Die Bybel beskryf hierdie verhouding in persoonlike taal. God is ’n Vader. Jesus noem sy dissipels vriende. Johannes herinner die gemeente: “Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het.” (1 Johannes 4:19)

Geloof het daarom altyd twee rigtings. Ons verhouding met God groei wanneer ons Hom werklik leer ken, deur gebed, stilte en eerlike oorgawe. Daardie verhouding word ook sigbaar in hoe ons met ander mense leef. Liefde vir God en liefde vir mense kan nie van mekaar geskei word nie.

Miskien is dit ’n goeie vraag vir hierdie week:

Watter verhoudings vorm my lewe tans, en waar wil God dalk iets nuuts laat groei?

Geestelike groei kom selde deur groot oomblikke. Dit groei in klein, doelbewuste keuses: maak weer tyd vir gebed; neem die eerste stap na iemand toe; luister regtig; herstel ’n verhouding wat begin afkoel het. Met tyd begin hierdie klein oomblikke optel (saamgestelde effek) en vorm dit diep geestelike groei.

Mag hierdie week vir ons almal ’n uitnodiging wees om weer ’n tree nader te gee, na God toe en na mekaar.

**Pieter**